**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 5 MAART 2014 OM 13:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 02/2014**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed deur Johan Lotter geopen waarna die voorsitter al die lede en gaste verwelkom.

## 2. PRESENSIE

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Anton Dellemijn | Voorsitter | Tergniet |
| Len Rauch | | Tergniet |
| Pieter le Roux | | Kleinbrak |
| Des Muller | | Riverside |
| Johann Muller | | Reebok (onder spoor) |
| Johan Lotter | | Reebok (bo spoor) |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |
| Frik Nel | | Reebokrif / Bewarea |
| Lydia Havenga | | Bewarea |
| Charl De Wet | | Kleinbrak |
| Terrie Terblanche | | Riverside |
| Chris Pretorius | | De Lange Uit |

### 2.2 Op uitnodiging

| | |
|---|---|
| Raadsheer Kallie Smit | Raadslid – Wyk 4 |
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid – Wyk 5 |
| Frans de Graaff | Munisipaliteit |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | | |
|---|---|---|
| Mike Wray | Onder-voorsitter | Tergniethoogte |
| Jan Roets | | Tergniethoogte |
| Lavinia Lunow | | Fraaiuitsig |
| Jennifer Williams | | Toekoms |
| Charl Coetzer | | Fraaiuitsig |
| Rozain Hansen | Munisipaliteit | |
| Kaylene Taute | Munisipaliteit | |

## 3. LIEF EN LEED

Gelukwense aan Lydia Havenga met haar verjaarsdag op 8 Februarie 2014. Geen verdere Verjaarsdae gedurende Maart.

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **4.** | **GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING** | |
| | Die notule van die vorige vergadering word goedgekeur. | Lede |
| | Voorgestel en gesekondeer deur Rdh Kalie Smit en Johann Muller. | |
| **5.** | **AANVULLENDE AGENDA** | |
| **5.1** | **Induksie fase: Nuwe Lid – Reebok Hoogte.** | |
| | Ray Saul word voorgestel deur Len vir die beskikbare posisie in Reebok Hoogte. Ray sal teenwoordig wees by die volgende vergadering waar hy amptelik verwelkom sal word. | Anton / Len |
| **5.2** | **Water Gehalte en Koper pype.** | |
| | Anton hou die Vereniging se skrywe gedateer 4 Feb ’14, asook die Munisipale brief gedateer 21 Feb ’14 voor aan lede. | Anton / Kalie / Rozain |
| | <u>Bruin Water Nov/Des2013:</u> | |
| | • Die Munisipaliteit moniteer die hele Mosselbaai gebied maandeliks.<br>• Geen Probleme of foutiewe dosering gevind gedurende Nov/Des 2013.<br>• Kan plaasvind met gebarste pype, word dadelik herstel en sisteem word gespoel.<br>• Bruin water kan voorkom by huise waar krane vir baie lang tye nie gebruik word nie. | |
| | <u>Slegte suur reuke:</u> | |
| | • Reuke mag by krane wat vir lang tydperke nie gebruik word nie ontstaan. Geen klagtes is aangemeld nie. (Adresse/inligting word verlang vir nodige ondersoeke). | |
| | <u>Gaatjies in die Pype:</u> | |
| | • Vorige Munisipale verslag ook aangeheg. PH balans volgens voorskrifte. Proses volledig in die media hanteer en word ook vervat in verslag. | |
| | Munisipaliteit nooi die gemeenskap uit om hulle onmiddelik te skakel by 044-6065262/5282 wanneer probleme ondervind word. | |
| | Die Vereniging sal die Munisipaliteit se Ingenieur, Mnr Eric Louw en Loodgieters in die area uitnooi na die volgende vergadering vir ‘n inligting sessie. | |
| | Van die lede noem dat baie swak koper pype ingevoer is vanaf Japan en nou die gevolg van gebarste koper pype. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **5.3** | **Witdoodhaai Navorsing Terugvoer.** | |
| | Die voorsitter en Lydia was genooi saam met Kleinbrakrivier inwoners na 'n vergadering wat handel oor die Witdoodhaai navorsing in die gebied deur Oseaan Navorsings Instituut Mosselbaai. | Anton / Frik / Lydia |
| | Groot ongelukkigheid was geopenbaar deur betrokke rolspelers oor die metodes wat gebruik word vir die navorsing. Die Voorsitter het benadruk dat die vereniging allles in hulle vermoë sal doen om toe te sien dat die kuslyn, inwoners, vakansiegangers asook Internasionale gaste nie bedreig sal word deur hierdie navorsing nie. Die Voorsitter het die Instituut asook die Eienaar van die 'Shark Cage Diving' besigheid uitnooi om die gemeenskap te kom toespreek. Bewarea sal die geleentheid bywoon. | |
| **5.4** | **Boot Regulasies op Kleinbrakrivier.** | Des / Lede |
| | Des noem aan die lede dat Steven Robertson tans besig is om die Boot Regulasie borde meer doeltreffend/sigbaar te maak asook om die ou borde te vervang. Voorbeeld aangeheg vir maklike verwysing. Haal af. | |
| **5.5** | **Eskom Noodtoestand.** | Lede |
| | Anton bevestig dat al die lede kennis dra van Eskom se Noodtoestand epos. Haal af. | |
| **5.6** | **Aansoek om sluiting, onderverdeling, hersonering & konsolidasie: gedeelte van Congostraat aangrensend tot erwe 494 en 495, Fraaiuitsig, Kleinbrakrivier.** | Charl / Lavinia |
| | Anton hou die Munisipaliteit se brief voor vir enige kommentaar, besware of voorstelle wat voor of op 24 Maart 2014 ingedien moet word. Charl en Lavinia sal aangeleentheid hanteer. | |
| **5.7** | **Krag Onderbekings** | Rozain |
| | Frik versoek redes hoekom daar sporadies kragonderbrekings voorkom die afgelope tyd. | |
| **6.** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE** | |
| **6.1** | **Bywoning van munisipale komiteevergaderings vir 2014** | |
| | Kruger De Wet het die vergadering op 12 Februarie bygewoon en was baie beindruk oor die wyse waarop die vergadering bestuur word. Versoek word gerig vir ekstra oorfone vir die publiek tydens vertaal sessies. Rdh Kalie Smit sal dit opneem. Die volgende Vergadering is op 12 Maart 2014 en Pieter Le Roux sal bywoon. | Kruger / Pieter / Kalie |
| **6.2** | **Hersiening van straatname in die gebied** | |
| | Len noem dat hy 'n Midbrak gebiedskaart by die Munisipaliteit gekoop | Len / Charl / |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | het vir die Buurtwag en is teleurgesteld oor die onvolledigheid van die kaart. Straat name is nie beskikbaar nie ens. Rdh Kalie Smit sal die saak opneem met die nodige Departement. Charl noem ook van die noodgevalle waar lede na verkeerde Robertson strate en Olkers weg gery het. Die Munisipaliteit se kaarte dui nog aan dat die gedupliseerde name albei onder Kleinbrakrivier resorteer, maar inderwaarheid is een onder Kleinbrak en die ander onder Fraaiuitsig.<br><br>Die projek is noodsaaklik en sal al hierdie leemtes aanspreek. Len, Charl Coetzer en Johann Muller sal saam met Rdh Kalie Smit die projek bestuur. Punt 6.2 word verskuif na Projekte. | Kalie / Johann |
| 6.3 | **Onwettige ingang vanuit Impalalaan – Erf 1155** | |
| | Die Munisipaliteit wag op ‘n hofdatum. | Frans De Graaff |
| 6.4 | **R102 - Skoonmaak van sypaadjies** | |
| | Die Voorsitter noem dat hy maandeliks onderhandel met Anton Steenkamp by Eden vir ondersteuning met betrekking tot die skoonmaak van die R102. Provinsie keur kontrakte goed tot voordeel van George. Dit is onregverdig dat Provinsie twee keer per jaar kontrakteurs aanstel met twee spanne van ongeveer 50 lede wat die gebied tussen Grootbrakrivier en George pynlik netjies kan skoonhou met belasting geld. Die gedeelte Grootbrakrivier tot Kleinbrakrivier versleg elke jaar met geen of beperkte onderhoud, wat goedgunstiglik gereël word deur Anton Steenkamp vanaf Eden, met ‘n maksimum van 5 man. Fietsryers asook voetgangers maak gebruik van hierdie gedeelte en verskeie noodlottige ongelukke word gerapporteer deur die Polisie. De Lange Uitbr, Toekoms en die hele Midbrak woongebied maak gebruik van die R102, wat daaglikse instandhouding regverdig. Rdl Gerber het ‘n brief gerig aan Mnr Ottervanger vir aksie. | Anton / Gibo / Rozain |
| 6.5 | **Grondwet hersiening** | |
| | Die Voorsitter noem dat hy en Kruger die Grondwet sal deurwerk. Die saak word op die Aktiwiteits lys geplaas vir Sep ’14. Haal af. | Anton / Kruger |
| 6.6 | **Pad na Powertown / bootlanding** | |
| | Die Voorsitter noem dat Eden laat weet het hulle het geen fondse en magtiging om hulp te verleen nie. Des noem dat die pad verder versleg het en dat dit nou meer aandag gaan nodig hê as net ‘n skraap. Saak word aan Munisipaliteit gerig vir ondersteuning. | Rozain / Anton |
| 6.7 | **Ongemagtigde strukture (Wendy huis en skadunet) in Impalaweg** | |
| | Die saak in nog in proses. | Frans De Graaff |
| 6.8 | **Kusweg – rigting Kleinbrak: Kompaktering van informele voetpad vanuit Reebok na Kleinbrak** | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | Altus Eitner het laat weet dat dit tussen R500-R600 per vierkante meter kan kos. Lede sal na alternatiewe moontlikhede kyk. | Lede / Altus / Rozain |
| **6.9** | **Erf 502, Albertiniastraat 42, Fraai Uitsig** | |
| | Die Vereniging en die Munisipaliteit het na alle moontlikhede gekyk om die eienaar te help in die verlede. Die saak is verder bespreek en aanvaarbare terugvoer is ontvang. Haal af. | Lede / Frans De Graaff |
| **6.10** | **Verskuiwing en verandering van limietbeperking inligtingstekens** | |
| | Die Saak is in proses. | Anton / Altus |
| **6.11** | **Kartering van nuwe uitbreidings in Reebokrif** | |
| | Die Projek span tesame met die Munisipaliteit sal die leemte ook aanspreek. Punt 6.11 verskuif na die afdeling Projekte. | Charl / Len / Johann / Kalie / Rozain |
| **6.12** | **Vakansie seisoen: Nabetragting (en Kleinbrak Blouvlag)** | |
| **6.12.1** | **<u>Lewensredders by Kleinbrakrivier.</u>** Munisipaliteit het bevestig dat hulle ure vanaf 09:00 tot 17h00 is. Vereniging sal 'n versoek stuur om ure te wysig. As gevolg van die Dwelm situasie vra lede ook dat beter keuring proses gevolg moet word sodat lede gewerf kan word met geen oortredinge nie. Rdl Gibo Gerber dra kennis en noem dat hoë vlak ondersoeke tans aan die gang is. Punt 6.12.1 verskuif na Plaaslike Sake Kleinbrakrivier. | Anton / Rozain |
| **6.12.2** | **<u>Kleinbrak Blouvlag</u>.** Kruger De Wet noem dat Kleinbrak nog bourommel en plaveisel onder van die sitbankies het asook op die strand. Foto's sal geneem word vir verdere aksie.<br><br>Pieter noem ook dat die area baie sleg lyk na die Blouvlag tydperk verby is; klippe ens is als op 'n hoop langs die ablusie geriewe.<br><br>Die Polisie kla ook dat daar nie genoeg parkering is nie wat hulle toegang vir inspeksies bemoeilik gedurende Desember maande. Die Munisipaliteit sal dringend hierdie tekortkominge moet aanspreek vir alternatiewe parkering moontlikhede. Desember maand het 'n rekord getal vakansiegangers gelok omrede die Strand nou Blouvlag status geniet en vir die eerste keer 'n 5 Ster toekenning verwerf het. Kleinbrak het 'n voorkeur gekry vir Internasionale besoekers. Punt 6.12.2 verskuif na Plaaslike Sake Kleinbrakrivier. | Rozain / Lede |
| **6.13** | **Algemene Jaarvergadering gehou op 16 Desember: Nabetragting** | |
| **6.13.1** | **Die MBBV AJV.** Die Voorsitter noem dat die saal bespreek is vir die 22 Desember 2014. Dit word ook aanvaar dat die notule net voorgehou gaan word om tyd te bespaar. Plaas op aktiwiteits lys vir Oktober om advertensie doeleindes. | Voorsitter / Lede |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 6.13.2 | **Geraas- en lugbesoedeling deur helikopters en laagvliëende vliegtuie** | |
| | Die Vereniging het die nodige afdelings verwittig. Haal af. | Rozain / Voorsitter |
| 6.14 | **Onwettig storting van grond te Steenbras Straat no 11** | |
| | Kennisgewing is beding waarby die eienaar die sand plat gestoot het. Eienaar het toe kennis gegee dat hy gaan bou. Bou Inspekteur monitor die saak. | Frans / Voorsitter |
| 7. | **WYKSKOMITEES – Wyke 4 en 5** | |
| | Johann het eerste Wykskomitee vergadering op 17 Feb '14 bygewoon. Alle sake van belang is weer bespreek op die vergadering. | Charl /Johann |
| 8. | **PROJEKTE** | |
| 8.1 | **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering** | |
| | Frik wil weet of die lys van herseel van strate beskikbaar is. Hildegard Straat versleg daagliks en is nou met klein klippies besaai. Frik sal foto's neem en deur stuur. Rdl Gerber noem dat geld wel beskikbaar is op die bedryfsbegroting vir noodgevalle soos hierdie. | Rozain / Frik |
| 8.2 | **Skoonmaak van erwe** | |
| | Johann noem dat hy deurlopend alle versoeke deurstuur. De Jager Straat is skoongemaak. Len vra dat die versoek van 391 Kusweg weer opgevolg moet word oor sy toestand. | Len / Johann |
| 8.3 | **Rampbestuur** | |
| | Rampbestuurplan is tans by mnr Johnston vir implementering en terugvoer. | Rozain / Des / Charl |
| 9. | **FINANSIES** | |
| | Banksaldo is R8763.42 en kleinkas R1821.56 soos per 5 Maart 2014. Die voorsitter noem dat alle boeke en state oorgeteken en ontvang is van Dorothy. Kwitansie boek sal aangekoop word vir Lydia. Charl De Wet versoek ledevorms. | Anton / Charl |
| 10. | **POLISIëRING / BUURTWAG** | |
| | Terry spreek sy kommer uit teenoor die inwoners wat nie gehoor gee aan die gevaar van oop deure en vensters nie. Boodskap moet asb by alle inwoners uitgebring word dat hulle alles waardevolle items moet wegsit en nie snags voor oop vensters moet sit en werk nie. | Lede |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **11.** | **BEWAREA** | |
| 11.1 | Die Voorsitter noem dat daar ‘n vergadering gehou is met Frik en Lydia oor Bewarea Grondwet, Finansies, asook projekte. Frik en Lydia het ‘n afspraak met die bank om tekenregte te bevestig sodat Bewarea fondse oorgeplaas kan word na die BBV Nedbank Rekening. Gelde sal geallokeer wees vir Bewarea gebruik. Frik bevestig dat daar R15 600 in die Absa Spaar is asook R200 in die 30dae lopende rekening. Die Voorsitter benadruk dat daar nie verskillende rekeninge gaan wees nie maar een gesamentlike BBV rekening. Die rede daarvoor is om bankkostes te sny vir oudit en kontrole doeleindes. | Anton/ Frik/ Lydia |
| 11.2 | Lydia noem sy het gaan aanklop by Danabaai Bewarea asook Bewarea webtuistes om Midbrak Bewarea te bevorder. Sy stel bekend dat hulle ‘n Tuinbou kompetisie gaan aanbied oor ‘n 2 maande periode. Inskrywings vorms gaan gedruk word. Voor en na foto’s van die tuine gaan geneem word. Groot borge en pryse gaan beding word. Beoordeling gaan deur kundige asook bekende mense gedoen word. Sodoende sal Bewarea belangstelling gekweek word. Begroting sal deur hulle voorgelê word vir goedkeuring. Alle inkomste en inskrywingsgelde sal per kwitansie boek aangedui word as Bewarea. | Lydia / Frik |
| 11.3 | Frik noem dat daar dringend borde opgesit moet word by die Olkersweg Kleinbrakrivier dat oornag fasiliteite verbode is op die strand. Hy noem dat daar voertuie op die strand kom, wat ook aangespreek moet word. Munisipaliteit sal gevra word vir hout pale. | Rozain / Frik |
| **12.** | **PLAASLIKE SAKE** | |
| **12.1** | **De Lange Uitbreiding** | **Chris Pretorius** |
| 12.1.1 | Chris noem dat die gras langs hulle paaie baie lank is en is al gerapporteer, maar nog nie gesny nie. | Rozain / Chris |
| 12.1.2 | Hulle het verder baie lae water druk, wat ook al gerapporteer is. Die een gedeelte van De Lange Uitbr het hoë water druk gehad wat hulle glo reggemaak het, maar glad nie hulle lae water druk nie. Munisipaliteit moet ondersoek instel. | Rozain / Chris |
| 12.1.3 | Chris noem dat van hulle inwoners elke dag gaan stap by Sowesia Strand en noem dat dit baie vuil is en nie gereeld skoongemaak word nie | Rozain / Chris |
| **12.2** | **Fraaiuitsig** | **Lavinia/ Charl** |
| 12.2.1 | Munisipale Terugvoer. Onkruid in De Jagersweg is aangespreek. Haal af. | Rozain |
| 12.2.2 | Aliwal Suid Straat 11, hoop bakstene is opgeruim. Haal af. | Rozain |
| 12.2.3 | Kragbokse in Aliwal Suid Straat is skoongemaak. Haal af. | Rozain |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 12.2.4 | Grondhope voor huis in Impala. Kennisgewing is beding en eienaar het verwyder. Haal af. | Rozain / Frans |
| **12.3** | **Klein-Brakrivier** | **Pieter / Charl** |
| **12.3.1** | **Blouvlag status** | |
| | Die Voorsitter noem dat daar deurlopend pro aktief opgetree moet word en sake betyds rapporteer moet word, voor die seisoen begin. | Rozain/ Pieter |
| **12.4** | **Reebok** | |
| **12.4.1** | **Noord van die spoorlyn** | **Johan Lotter** |
| | Johan Lotter noem dat die sypaadjies skoongesny word maar niks word aan die bossies in die paaie gedoen nie. Dit dra by tot die verbrokkeling van die teer. | Rozain |
| **12.4.2** | **Suid van die spoorlyn** | **Johann Muller** |
| | Geen probleme om te rapporteer nie. | |
| **12.5** | **Reebokhoogte** | **Kruger De Wet** |
| **12.5.1** | **Sluit van elektriese kaste** | |
| | Kruger noem dat die saak nog steeds uitstaande is. Munisipaliteit het laat weet dat hulle is in proses om slotte aan te bring. | Rozain |
| 12.5.2 | Kruger noem ook dat die vordering van die Koraal Singel 43 nie op die Aktiwiteitslys is nie. | Anton / Kruger |
| **12.6** | **Reebokrif** | **Frik Nel** |
| | Geen probleme om te rapporteer nie. | |
| **12.7** | **Riverside** | **Des Muller** |
| 12.7.1 | Des noem dat hy 60% van die inwoners se besonderhede het vir die Rampgebeurliksheid Plan. | Lede |
| 12.7.2 | Verder bedank hulle die Munisipaliteit vir die plasing van die toilette by die Ontspannings area. | Rozain |
| **12.8** | **Tergniet** | **Len / Anton** |
| 12.8.1 | Len bedank die Munisipaliteit vir die draai sirkel in Kusweg wat groter gemaak is. Haal af. | Rozain |
| 12.8.2 | Len noem dat die Munisipaliteit die Kuslyn bosse skoon gesny het en nie getrim het nie. Dit veroorsaak dat die bosse uitdroog en jare vat om te herstel. Munisipaliteit moet net kennis neem en die mense dienooreenkomstig inlig. Haal af. | Rozain |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 12.8.3 | Len en die Voorsitter noem dat teer van Van Zyl straat goed vorder.<br><br>Inwoners was ongelukkig oor dat die kontrakteur groot gedeeltes van hulle erwe oopgesny en uitgegrawe het. Die Ingenieur, Kobus Louw, het aan die inwoners uitgewys dat die ou streekdienste raad toegelaat het dat daar geteer was oor inwoners se erwe, wat tot gevolg het dat sekere inwoners groter erwe het. Nou moet dit reggestel word tot voordeel van alle inwoners. Die area lyk goed.<br><br>Dit het ook aan die lig gekom dat die Treinspoor oorgang in Melkhoutstraat permanent gesluit moet word soos per opdrag vanaf Spoorwee. Hulle het blykbaar al jare terug ook opdrag gegee. Volgens Rdh Kalie Smit het die Munisipaliteit hulle van pad aanlegte voorsien en wag nou vir die Tuscan Beheerliggaam om hulle gedeelte te herlei. | Rozain / Len / Anton / Kalie |
| **12.9** | **Tergniethoogte** | |
| 12.9.1 | Kennisgewing is uitgereik aan die eienaar van Steenbras Straat, oor die sandhope op sy erf. Blykbaar het hy aangetoon dat hy in die proses is om te bou. Bertie Supra en Frans De Graaf monitor die saak. | Rozain / Bertie / Frans / Mike |
| 12.9.2 | Daar is nog niks aan die 'Mike Wray Blvd rylaan' (Tergniet se hoofingang vanuit R102) se onnetheid gedoen nie. Saak sal dringend met Munisiplaiteit bespreek moet word. | Rozain / Mike |
| **12.10** | **Toekoms** | **Jennifer** |
| | Geen probleme om te rapporteer nie. | |
| **13.** | **KORRESPONDENSIE & ALGEMEEN** | |
| 13.1 | Die Voorsitter vra dat Johann Muller die **BBV se koerant artikel** moet saamstel. Die Sekretaris asook Notuleerder posisie moet ook geadverteer word. | Johann |
| 13.2 | Len noem dat daar na moontlikhede gekyk moet word vir trein vervoer na Mosselbaai vir die inwoners as gevolg van die hoë brandstof onkostes.<br><br>Rdh Kalie Smit noem dat die Munisiplaiteit onderleiding van Rdl Petru Terblanche reeds daarna gekyk het, maar as gevolg van die hoë koste, dit nie oorweeg nie. | Lede |
| **14.** | **VOLGENDE VERGADERING** | |
| | Woensdag, 2 April 2014 - 13:00 in die Reebok Gemeenskapsaal. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **15.** | **VERDAGING**<br><br>Die vergadering verdaag om 15h50.<br><br>ANTON DELLEMIJN<br>**NOTULEERDER**<br><br>GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 2/2014 GEHOU OP 2 APRIL 2014 – 13:00.<br><br><br><br>ANTON DELLEMIJN<br>**VOORSITTER** | |